MCH91-6a-3-7



Ek is gearresteer omdat dit beweer word dat ek ŉ lid is van die P.A.C. wat in ander woorde Poqo is. Ek erken dat ek wel ŉ lid is van hierdie organisasie vanaf 1960. Ek is nie meer seker van die maand wat ek lid geword het nie. Ek het aangesluit te Langa. Daar het ek net my naam opgegee en nie my fooie van 25 sent betaal nie. Ek het gaan werk by die Brooklyn Chest Hospital gedurende September 1961. Na ek daar begin werk het, het twee lede van Poqo organisasie by my gekom - die een se naam was Ntantala en die ander een se naam ken ek nie. Hulle was van Langa af gewees en hulle twee sê toe ek moet my aansluitingsfooi van 25 sent aan Nongauza, wat daar by die Brooklyn Chest Hospital werk, betaal.

Hulle het my gesê dat Nongauza die voorsitter van daardie area was. Nadat hierdie twee manne ongeveer ŉ week weg was, toe was ek gevra om as sekretaris op te tree. Ek het toe die sekretarisposisie beklee. Nadat ek as sekretaris aangestel was, is Nongauza weg en hy het toe in Paardeneiland gaan werk en in Woodstock gewoon. Ek het toe ŉ brief ontvang van Ntantala waarin hy my meegedeel het dat as daar enige briewe vir Cliffnala gekom het, ek sulke briewe moes oorhandig aan die voorsitter wie Salmon was. Hierdie Salmon het oorgeneem as voorsitter van Nongauza. Daar het toe ŉ brief gekom vir Cliffnala. Ek het hierdie brief oorhandig aan Salmon, wie my meegedeel het dat ŉ sekere lid vanaf Maseru daar sou kom. Die koerante met name „Contact", „Spark" en nog ŉ derde wat se naam ek nou vergeet het, het ook daar gekom geadresseer aan Cliffnala. Hierdie koerante het ek gehou met die doel om dit aan Salmon te gee wanneer ek hom weer sien. Voordat ek egter vir hom weer gesien het, was ek gearresteer.

Op ŉ dag het ŉ lid Mamponya daar aangekom van Langa af met „tracing paper". Hy het toe vir my gesê dat die aantekeninge en skets van Milnerton wat ons gemaak

het, ons moes aftrek op 'n vel skoon papier. Hierdie boodskap moes ek oordra aan die voorsitter. Daardie skets was ook op beslag gelê met my arrestasie voordat ek dit vir Salmon kon gee.

Iets anders wat die polisie in my kamer gekry het, was 'n foto van Lumumba. Hierdie foto het nie aan my behoort nie - ek het dit gekry toe ek daar ingetrek het. Dit het daar aan die muur gehang en ek het dit net so laat bly.

Dit is al wat ek wil sê. Nou nadat my verklaring aan my oorgelees is, wil ek net byvoeg dat ek nie seker is of P.A.C. en Poqo dieselfde is nie.

Voorgaande verklaring is in die Xosa taal afgelê en in die Afrikaanse taal oorgesit deur die tolk en nadat dit neergeskryf is, het ek dit aan die verklaarder oorgelees terwyl dit weer aan hom vertolk is deur genoemde tolk, en het hy bevestig dat die verklaring korrek neergeskryf is.

Hierna is die verklaring onderteken deur die verklaarder deur sy handtekening daarop aan te bring en deur die tolk.

(Get.) O. Oosthuizen,
TOLK.

(Get.) Coaster Budaza,
VERKLAARDER.

Voor my,

(Get.) J. Swart,
ASST. LANDDROS.

16. 4.1963.
3.30 nm.